**Die verbetering van. Sojaboon varieteite t.o.v, proteieninhoud en opbrengs d.m.v. teling en seleksie**

**J.1VL Lindeque en B. Bester**

## Inleiding

Die doel van hierdie studie is om sojaboon variëteite vry te stelt met 'n verhoogde proteïeninhoud en 'n kompeterende opbrengspotensiaal. Twee benaderings word gevolg om hierdie doel te bereik. Eerstens word kiemplasma van verskeie lande ingevoer en geëvalueer vir opbrengs, agronomiese aanpasbaarheid asook aanvaarbare proteïeninhoud. Tweedens word bestaande kommersiële variëteite met hoe proteïenlyne vanaf die LNR gekruis om die proteïeninhoud te verhoog.

## Resultate

Volgens tabel 1 toon die gekombineerde resultate dat 5 variëteite beter gevaar het as die bestaande kommersiële variëteite. 5MV 650-43 het die hoogste opbrengs getoon. Hierdie variëteit het ook goed presteer in die vorige twee seisoene. Die agronomiese resultate toon dat hierdie variëteit ook goed tot die Suid Afrikaanse toestande aangepas is. Die proteïeninhoud resultate vir die 1998/99 seisoen is nog nie voltooi nie , maar uit die vorige seisoen vergelyk die variëteit se proteïeninhoud goed met die bestaande kommersiële variëteite. Sodra die resultate vir die huidige seisoen beskikbaar is sal dit aan die PNT gestuur word,

## Bespreking en gevolgtrekking

As gevolg van saadvoorraad sal 5MV650-43 weer in die E3 proewe getoets word, terwyl 'n saadvermeerdering in die 1999/2000 seisoen geplant gaan word. Die resultate van die proteientoetse vir die 1998/99 proewe word in September verwag en sal aan die PNT verskaf word. Die proteïentoetse van die kruise toon 'n verbetering in die proteïeninhoud in vergelyking met die kommersiële donor plante. Die waardes is baie laag maar daar moet in ag geneem word dat die plante nie onder optimale toestande. gegroei is nie. Die teeling is nie op datum nie. Dit is as gevolg van knaagdier skade wat in die tweede seisoen plaasgevind het. Baie plante was totaal verwoes en dit het ook die sinkronisasie tussen die winter en somer lokaliteite bemoeilik. Die doel is om die proses teen 2002 te voltooi. Teen addisionele fondse word egter benodig word.